



Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding die beste advies te gee.

Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.

Een van die hoekstene van Laeveld Agrochem se sukses is vennootskap. Vir ons is dit meer as net 'n mooi woord. Vennootskap is 'n aksie wat ons deur dik en dun toepas; 'n belofte wat ons nakom – van die eerste foonoproep tot die laaste besoek.

AREA: Standerton

Thys Grové

Thys is in Standerton gebore en het ook in hierdie dorp grootgeword en het in 2004 aan Hoërskool Ermelo gematrikuleer. Dié talentvolle sportman het in 2002 vir die Pumas se 0/16-rugbyspan uitgedraf. Vandag is hy met Charleen getroud en hulle het drie kinders.

Hierdie boerseun se liefde vir landbou is van kleins af op sy oupas se plase gekweek en het verder gegroei toe hy na skool in die landboubedryf begin werk het. Sy kennis is te danke aan goeie leermeesters en die ervaring wat hy in die veld opgedoen het. Hy het na skool die boerderybedryf amptelik betree toe hy op 'n vriend se plaas in die Standerton-omgewing gaan werk het.

Met meer as 15 jaar ondervinding in die landboubedryf, het hy ervaring van mielies, soja, graansorghum, sonneblom en boerkoring. Behalwe die saaiboerdery-aspek en ondervinding in besproeiingsboerdery, het Thys ook braaikuiken-hokke en groot- en kleinvee bestuur. Hy het in 2018 besluit

GEWASSE: Mielies, sojas, sorghum en winter gewasse

AANBIEDING: Oes-beskerming, plantvoeding, presiesdienste

om sy CropLife-kwalifikasie (AVCASA) te doen sodat hy meer ingeligte besluite kan neem en meer kennis oor die landbou kon opbou.

As 'n tipiese ekstrovert, geniet hy tyd saam met sy vrou en kinders, familie en vriende en is hy passievol oor die lewe. Een van sy gunsteling tydverdrywe is diepseevisvang en hy geniet dit om te braai. Sy mikpunt is om groot hoogtes in die landboubedryf te bereik deur die ekstra myl te stap en 'n goeie voorbeeld te wees, asook 'n nalatenskap vir sy kinders te los.

Thys gaan in die Standerton-omgewing en omliggende gebiede werksaam wees; en gaan in mielies, soja, sorghum, wintergewasse en presiesdienste spesialiseer. Hy streef daarna om uitstekende dienste te lewer en dat sy voetspore saam met die boer s'n in die landerye sal wees. Met goeie dienslewering wil hy altyd 'n paar treë voor die opposisie wees en sy kliënte ten alle tye bystaan.